

SKRIFLESING: Luk 2:8-20

Joh 14:27 "Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie."

Tema: Die Vredevors maak ons Sy vredemakers.

"Seppie, die soldaat", was 'n bekende strokiesprent in koerante. Daar was Seppie, die sersant, die generaal en 'n hond. Seppie was die dom troepie wat gewoonlik treffervrae aan die sersant gevra het.

Eendag was hulle met 'n skietoefening doenig toe Seppie die sersant vra waarom hulle dan moes oefen om te skiet. "Gedurende die laaste 3000 jaar was daar maar vir ongeveer 300 jaar vrede in die wêreld", was die sersant se antwoord. Maar dan moet ons mos eerder oefen om vrede te maak as oorlog, was Seppie se mening.

Dit kos nie 3000 jaar om agter te kom hoeveel oorlog en geweld daar in die wêreld is nie. Vredes pogings in die Midde-Ooste en op vele ander plekke in wêreld kom net nie van die grond af nie. Ons eie land is 'n droewige oorlogsverhaal met veldslae wat mekaar daaglik opvolg. Die slothoofstuk is nog nie geskryf nie.

Waar daar mense is, is daar moeilikheid. Want mense se verwagtinge, menings en ideale verskil van mekaar. Mense is op soek na die bevrediging van hul eie behoeftes. Dit veroorsaak konflik en konflik kan so maklik oorgaan in onvrede en geweld.

Onvrede is nie net 'n internasionale of nasionale ding nie. Dit is 'n interpersoonlike ding, dit kom tussen mens en mens. Maar onvrede begin nader aan myself. Dit is 'n persoonlike ding. Ek het nie vrede met myself nie. En wanneer ek nie vrede met myself het nie, kan ek nie vrede met ander hê nie.

Hoeveel vrede is daar in u lewe hier aan die einde van 2015? Miskien was hierdie jaar wat met soveel opwinding begin is, nie vir u 'n goeie jaar nie. Dalk het u gesinsverhoudings verswak. Daar is onmin in die familie. Dalk het spanning by die werk onmin onder kollegas veroorsaak. Daar is ander goed wat u vrede steel. Dalk is u siek of die bankbestuurder is nie meer so vriendelik met jou nie. Onsekerheid oor so baie dinge steel jou vrede. Dalk is 'n geliefde oorlede of 'n jarelange verhouding het skipbreuk gely...

En God? Het u vrede met Hom? Ons is so maklik bang vir God. So maklik verwyf ons God vir dinge wat in ons lewens skeefloop. Of nog erger, ons vergeet van God. Ons bêre Hom saam met die kersboom tot volgende Desember.

Maar wil God vrede met my hê? Sekerlik wil Hy vrede met jou hê. Dit is waarom Hy sy seun, Jesus Christus, gestuur het. Maar wie is ek nou eintlik? Ek worstel, struikel en val en voel sondig omdat ek dikwels nie 'n vredemaker is nie. Ek wonder of God vrede met my wil hê?

Kom ons gee 'n paar treë terug na Lukas 2 toe. Die skaapwagters was in die Ou Testament belangrike mense. Daar was selfs 'n tyd dat hierdie beroep gesien is as die ideale beroep, die hoogste en edelste van alle beroepe. 'n Skaapwagter was gesiene mens wat 'n belangrike plek in die samelewing ingeneem het. Miskien het die feit dat Dawid, die grootste koning van Israel ook 'n skaapwagter was, heelwat hiermee te doen. 'n Skaapwagter in die Ou Testamentiese tyd het sy skape geken en geroep. Hy het voorgeloop en sy skape, wat hom ook geken het, het hom gevolg. Maar skaapwagters het al minder belangrik geword.

Ambagsmanne en later handelaars en staatsamptenare het hoër op die leer van aansien geklim. Ten tye van die geboorte van Jesus, was skaapwagters min of meer op die onderpunt van die sosiale leer. Hulle was arm en is as skelm beskou. Hulle is verag. Hulle was so onbetroubaar dat hul nie in die hof toegelaat is om getuies te wees nie. Hulle is gehuur om ander se skape op te pas. Daarom het hulle nie veel vir die skape omgee nie. Wanneer daar gevaar gekom het, het hulle weggehardloop en die skape aan hul eie lot oorgelaat. Wat met skape gebeur, het nie vir die gehuurde manne saakgemaak nie. Daarom het die skaapwagters hul op die buitenste rand van die samelewing, tussen die opdrifsele, bevind. Hierdie eenvoudige vuil skaapwagters op wie neergesien is, is die eerste ontvangers van die engele se boodskap van vrede. Hulle is die eregaste by Jesus se geboorte.

Dit is duidelik dat dit nie saak maak wie jy is of waar jy jou tans in jou verhouding met die Here bevind nie, in Christus is daar vrede vir jou.

Dit is ook belangrik om te sien dat dit nie 'n groepie afvlek engele is wat die lied sing nie. Hier is nie sprake van 'n romantiese nagtelike kerskaartjie rustigheid nie. Terwyl die skaapwagters versteen staan en luister na die engel wat aan hulle verskyn het, skuif die gordyn tussen die sienlike en die onsienlike oop en 'n ontsaglike taakmag hemelse vredevegters in diens van die vredevors tree aan en begin sing. Vanuit die hemel kondig hulle aan dat God besig is met 'n oorwinningstog. Die lied wat hulle sing is baie meer as net gerusstelling van die skaapwagters. Dit is 'n oorwinningsslied. Dit vertel van die geboorte van die Vredevors, Jesus Christus, die Koning van vrede. Dit vertel van 'n beslissende slag wat Hy teen die magte van die duisternis gaan voer en Hy gaan oorwin. In Hom het 'n nuwe bedeling, die bedeling van vrede aangebreek.

Hy oorwin deur sy kruisdood en opstanding ons sonde en dood en bring so vrede tussen God en mens.

Maar Hy bring ook vir ons 'n innerlike vrede met onself. Vrede is 'n saak van die hart. Dit moet hier binne-in my begin. Wanneer ons lewens oorgee aan God se Vrede, werk Jesus Christus Sy vrede in ons. Andersins sal ons nooit vrede hê nie. Die vrede wat Hy in my werk vloei uit my lewe uit. Dit bring vrede tussen my en ander mense. Die vrede van God begin in die gemeente en vloei uit tot oor grense.

Sy vrede is nie passiewe vrede nie. Dit is nie die afwesigheid van konflik of toesmeer van kwaad nie. Dit is nie tevredenheid nie. Dit is 'n aktiewe vrede. Hy is die Vredevors en ons is Sy vredemakers.

Kom ek probeer dit so verduidelik. Ons het sopas die 16 dae veldtog teen geweld en mishandel van vroue en kinders gehad. Ons almal ondersteun dit heelhartig. Maar waar Sy vrede is, eindig dit nie hier nie. Ons kan nie net teen iets wees nie. Omdat Hy ons nuut gemaak het, is ons ook vir iets. Ons is vir liefde, sorg, omgee en bederf.

Wie in geloof oorgegee aan die Vredevors leef, leef vrede en maak vrede. So 'n mens word, soos die skaapwagters, spontaan 'n draer van die goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. 'n Vredemaker roep ander op om te breek met sonde, om die die Vredevors beheer te laat neem van hul lewens en om toe te laat dat die Heilige Gees Sy vrede in jou werk. 'n Vredemaker kies nie kant nie, maar bid vir vrede en getuig van Sy vrede.

Ongelukkig vaar die wêreld die afgelope 3000 jaar goed met oorlog. Dit is inderdaad tyd dat die wêreld se mense begin oefen, nie om te skiet nie, maar om vrede te maak. Daarin moet ons as Christene die wêreld ver vooruit wees, want ons dien die Vors van vrede.

Amen